

16 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 19:1-7

Fokusgedeelte: Psalm 19:2

Die skepping openbaar God se mag

Die digter van Psalm 19 sê daar gaan 'n boodskap van die skepping uit. En al is dit in 'n onhoorbare taal, 'n taal sonder woorde, dit bereik die uithoeke van die aarde. Dit is 'n duidelike boodskap, 'n boodskap wat nie vir misverstand vatbaar is nie. Daar staan in die berymde psalm: "Geen volk so onbegaaf, geen oor so onbeskaaf, wat nie dié taal verstaan." Dink maar net aan die wonders van die hemelruim. Alle mense kan dit ondersoek en bekyk en bewonder. Dit is so indrukwekkend groots, so aangrypend mooi, so kunstig gevef op die skildery van die skepping dat dit 'n mens se asem wegslaan. Dit spel die Naam "God, Skepper van die hemel en die aarde," in groot letters vir ons uit.

Ons leef vandag in 'n wêreld van wetenskaplike en tegnologiese prestasies, in 'n wêreld wat dikwels niks anders sien nie as net die grootheid van die mens. Maar wat hy ook al bereik het of dink dat hy bereik het, hy verdwyn in onbeduidendheid langs die God wat die hemelruim geskep het en dit in stand hou. Die hemelruim en veral die son as bron van lig, lewenskrag, warmte en vreugde, getuig immers op 'n besondere wyse van God se mag en grootheid en heerlikheid. In die woorde van die digter: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend."

As u weer by 'n plek kom waar die sterre só naby lyk dat 'n mens byna daaraan kan raak, of as u die stralende son oor die horison sien opkom, herken dit dan as die stem van die skepping wat in 'n taal sonder woorde uitroep: God is magtig!

Sing: Psalm 19:1, 2 (Totius)

Ds. CJH Breed (Secunda)